# Regenerative Agriculture

Bennie Diedericks 0824527263

Bennie@resalt.co.za

Holistic (Sustainable) Management Approach
Systems Thinking






Economy

People






# Farming / Ecological component of Holistic Management

## Soil Management
- Physical
- Chemical
- Biological
- Cover crops

## Water/ Irrigation (Climate)
- Scheduling (climate chaos)

## Trees / Crop
- Growth cycles
- Water & Nutrient requirement
- Planting, Pruning
- Pest & disease management

## Nature



Regenerative agriculture is a conservation and rehabilitation approach to food and farming systems. It focuses on topsoil regeneration, increasing biodiversity, improving the water cycle, enhancing eco-system services, supporting biosequestration, increasing resilience to climate change, and strengthening the health and vitality of farm soil. **Wikipedia**



# So What?



- We have been applying most of these RA principles for many years.
- Exception being the incorporation of animals (ruminants) into our farming systems.
- What about other animals like sheep, chickens, ducks, etc.
- What real difference can animals make, to make the effort worthwhile?
- Barbara von Wechmar – 'Our problems started when the animals disappeared from our farms'.

# Robertson Plum Orchard





# Cattle Basics

- Ruminants – cattle, sheep, goats are prerequisite for regenerative agriculture recognition (?).
- Animals requires additional management time and effort.
- Passion for and understanding of animals.
- Meat, like wine is terroir specific……
- Ideal herd size 10-12 animals (cattle). Two or more herds possible if grazing allows it.
- Use the animals that you have, or have a passion for.
- Starting from scratch……get Dexters.
- If possible avoid cow calf operation especially when starting off.
- Dexters
  - Small framed
  - Good temperament
  - Good feed conversion rate
  - Excellent quality meat
    - Building a premium quality meat brand - Vineyard Dexters

# Cover Crop Management

- Cover crops must include cereals and N-binders (medics, clovers, etc.)
  Animal's nutritional requirement – no supplementary feed should be required
  Biodiversity increase as nutritional value of certain weeds (turknael, koperdraad) are exploited
- Programme partly a fodder flow programme
  Grazing of cover crops from mid June to end September
  Early budding blocks grazed first etc
  Some blocks left to re-seed on its own, allows for earlier vineyard grazing (May)
- Summer grazing – determines the number of animals the farm can sustain. Own herd preferred as animals know the system. New/wild animals need time to adapt
  Hartenberg – winter = 200 animals, summer = 45 animals
- Impact grazing
  Animals moved every 2-3 days.
  2-3 grazings/block/season
  1st gazing when cover crop is 30-40cm high
  Animals out when vines start budding – enough time for regrowth
  Grazing keep cover crops in vegetative stage – increase in vegetative material production
  Enough plant material left at en of the season to ensure soil surface is covered during summer
  Enough food – no damage to the vines, rare break-outs

# Lessons Learned from Cattle in Vineyards

- Compaction
- Animals are management tools to be used as required e.g.

  Clearing fire breaks

  Controlling problem weeds
- Assist with seed distribution and in breaking dormancy
- Selective use of herbicides when necessary (kweek) / manual removal
- Animal diversity – birds, dung-beetles, snails………
- Water
- Input costs – fuel, herbicides
- Phycological effect

# Weeds and Biodiversity





# Use what is available, but select for optimal







# Cattle are not very selective feeders



# Increased Biodiversity





# Increase your farm size by 20 – 40%





MTO - Henry Hopkins

# ‘Dirty’ farming: “There’s no other choice: we have to start giving back”



Fresh Plaza

# Cattle manure and urine distribution

computer generated image

- 120 Cattle days/ha
- 13 Manure positions/day = 25kg wet manure/day
- 13 Urine positions/day = 13L urine/day
- 50% overlap
- 2340 contact points/ha = 2,3/10m2



# Cattle-patty distribution:  78 cow days/ha, May 2023





SOIL HEALTH




MANAGING FOR SOIL HEALTH — Maximize Biodiversity

## Management Focus

Systems & interactions (Holistic principles)

Tree–soil interaction

Organic component

Water balance

Nutrient balance

Keep it simple science

Ground-truth data

# Soil Biology

- Regenerative agriculture generally places undue prominence on soil biology
- Soil physical problems e.g. compaction, waterlogging and chemical problems e.g. acidity, salinity must first be rectified to ensure healthy biology.
- Effects of grazing on fruit and wine quality not to be underestimated
  - Very little control vs treatment information available, except maybe C
  - Normally just WOW!!
- Nematodes as indicators of soil health
  - Relatively easy
  - Time of sampling
  - Testimony to complexity of soil life
- Measurable differences experienced within 6 months
  - Urine and rumen fluid
  - Composition NPK, hormones, metabolites - influence on plant growth
  - Auxins
- Meet om te weet vs analysis paralysis

# Kyk na dit wat nié verander

## 'n Paar dinge om te oorweeg wanneer jy vir 2024 beplan



DEIDRE VALENTINE

**SA aandele vs. wêreldaandele (2003-'13)**




Bron: FE Fundinfo THEUNS KRUGER, Netwerk24-grafika

**SA aandele vs. wêreldaandele (2013-'23)**




Bron: FE Fundinfo THEUNS KRUGER, Netwerk24-grafika

Terwyl ons die einde van die jaar nader, kyk 'n mens terug na wat alles deur die jaar gebeur het; wat het verloop soos ons dit beplan het en watter verrassings het ons onkant betrap?

Wanneer ons dan ook na volgende jaar kyk en vir die toekoms probeer beplan, vra ons gereeld "wat gaan met die ekonomie gebeur?" of "hoe gaan die wêreld oor tien jaar lyk?"

Maar om vooruitskattings te maak is moeilik.

In sy jongste boek, *Same as Ever*, skryf Morgan Housel 'n paar kort stories oor wat nooit verander nie in 'n wêreld wat konstant aan die verander is.

Hy noem dat Jeff Bezos, die stigter van Amazon, een keer gesê het hy word gereeld gevra wat hy dink in die volgende tien jaar gaan verander.

Tog word hy amper nooit gevra wat hy dink nié gaan verander nie; 'n vraag wat volgens hom baie belangriker is.

Deur te veel te fokus op dit wat buite ons beheer is, om te "slim" te probeer wees, om die volgende beste ding na te jaag en na algemene braaivleisvuurpraatjies te luister, hou dikwels ons aandag weg van die dinge waarop ons wel moet fokus.

As 'n mens kennis opbou oor die dinge wat wel dieselfde bly, gee dit vir jou die vermoë om anders te dink oor risiko, geleenthede en hoe om die onsekerheid oor die toekoms te hanteer.

Wat bly wel altyd dieselfde?

**Groeibates presteer oor lang tydperke beter as konserwatiewe bates**

Daar is dikwels op kort termyn jare dat beleggers na bateklasopbrengste kyk en meen hulle sou beter opbrengste (voor belasting, bygesê) uit kontantbeleggings gekry het as uit die aandelemark.

Verlede jaar en vanjaar (tot einde November) was tipies van daardie jare wat kontant tussen 5,2% en 7,3% sou oplewer, teenoor Suid-Afrikaanse aandele wat tussen 3,6% en 6,7% sou oplewer.

Wat ons egter nie uit die oog moet verloor nie, is dat oor langer tydperke (die afgelope 29 jaar, byvoorbeeld) dit steeds vir jou voordelig sou wees om blootstelling aan groeibates (aandele en eiendom) te hê, wat gemiddeld 13% per jaar sou oplewer.

Konserwatiewe bates (kontant en effekte) sou gemiddeld slegs 9% tot 10% per jaar opgelewer het.

**Belasting**

As ek 'n voorspelling sou kon maak, is dit dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) nie binnekort (of ooit) gaan besluit om die belastingbetaler se lewe makliker te maak nie.

Die impak van belastings op beleggingsportefeuljes is groter as wat die meeste mense besef en beleggers moet altyd probeer om portefeuljes so te konstrueer en beleggingsprodukte so te benut dat die impak van belasting op beleggings tot die minimum beperk word.

'n Voorbeeld hiervan is dat die inkomste wat uit verpligte beleggings (deur lewende annuïteite) verdien word, belasbaar is vir inkomstebelastingdoeleindes (tussen 18% en 45%), terwyl 'n inkomste uit effektetrustportefeuljes meer belastingvriendelik is, omdat die inkomste nie belas word as inkomste nie, maar slegs op grond van die kapitaalwins wat dit aktiveer.

Boedelbelasting is ook altyd 'n sensitiewe kwessie en individue met groot boedels kan tot 25% van hul boedelwaardes bo R3,5 miljoen afstaan aan boedelbelasting.

Deur beleggings wat nie deel vorm van jou boedel nie in jou portefeulje in te sluit, of deur gebruik te maak van 'n trust, kan help dit om boedelbelasting tot die minimum te beperk.

**Marksiklusse en terugkeer na die gemiddelde**

Ons hoor dikwels in die media dat beleggers al hul bates na die buiteland moet skuif.

Hierdie siening word veral gedryf deur die feit dat die Suid-Afrikaanse aandelemark (FTSE/JSE-indeks van alle aandele) heelwat swakker gevaar het as die buitelandse markte (MSCI-wêreldindeks van alle lande) oor die afgelope tien jaar.

Wat ons egter nie in gedagte hou nie, is die feit dat markte in siklusse beweeg. Bateklasse kan nie vir ewig aanhou styg sonder tydperke van dalings nie.

Die grafiek **SA aandele vs. wêreldaandele 2013-2023** het presies die teenoorgestelde gelyk oor die vorige tien jaar (**SA aandele vs. wêreldaandele 2003-2013**) en dan ook weer die teenoorgestelde die voorafgaande tydperk van tien jaar.

Dit is daarom belangrik om in ag te neem waar bates in hul marksiklusse is wanneer besluite oor portefeulje-toewysings geneem word.

Ons het geen idee wat die aandelemark oor die volgende jaar (of enige jaar) gaan doen nie, maar ons kan met sekerheid sê dat mense se voorliefde vir gierigheid en vrees nooit verander nie.

Ons weet ook dikwels beleggers se gedrag dui op te veel selfvertroue en kortsigtigheid.

Ons kan ook nie voorspel watter ondernemings (of aandele) oor die volgende dekade die suksesvolste gaan wees nie, maar ons weet dat sakeleiers wat sukses "kop toe" laat gaan, wat lui raak en eiegeregtig voel, uiteindelik die storielyn gaan verloor.

**Tyd in die mark**

Die agtste wonder van die wêreld is die krag van saamgestelde rente oor tyd.

'n Mens stel dikwels die spaarwerk uit totdat dit eintlik te laat is en wil dan "slim" strategieë probeer uitdink om vinnig baie geld te maak, wat dikwels misluk.

'n Goeie proses met 'n goed gediversifiseerde portefeulje en lank genoeg tyd in die mark gaan oor 'n tydperk van 30 jaar en meer deur min "slim" strategieë uitgestof word.

**Ten slotte**

Kennis oor dinge wat nooit gaan verander nie, kan waardevoller wees as 'n vooruitskatting van 'n onbekende toekoms.

Die lewe gaan oor die bestuur van waarskynlikhede.

Niemand kan met sekerheid sê wat in die toekoms gaan gebeur nie, maar die beste wat ons op dié oomblik kan doen, is om (ingeligte) besluite te neem waar die uitkoms uiteindelik in jou guns kan tel.

■ **Deidre Valentine is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner van Woodland Wealth. Kontak haar by info@woodlandwealth.co.za.**

maak is moeilik.

In sy jongste boek, *Same as Ever*, skryf Morgan Housel 'n paar kort stories oor wat nooit verander nie in 'n wêreld wat konstant aan die verander is.

Hy noem dat Jeff Bezos, die stigter van Amazon, een keer gesê het hy word gereeld gevra wat hy dink in die volgende tien jaar gaan verander.

Tog word hy amper nooit gevra wat hy dink nié gaan verander nie; 'n vraag wat volgens hom baie belangriker is.

Deur te veel te fokus op dit wat buite ons beheer is, om te "slim" te probeer wees, om die volgende beste ding na te jaag en na algemene braaivleisvuurpraatjies te luister, hou dikwels ons aandag weg van die dinge waarop ons wel moet fokus.

As 'n mens kennis opbou oor die dinge wat wel dieselfde bly, gee dit vir jou die vermoë om anders te dink oor risiko, geleenthede en hoe om die onsekerheid oor die toekoms te hanteer.

Wat bly wel altyd dieselfde?